HOëRSKOOL D.F. MALHERBE

Tel.: 041-5813145
Faks: 041-5813118

E-pos: dfm@telkomsa.net

Veertiende Laan
WALMER
6070

5 Maart 2008

OMSENDBRIEF 2/2008

Geagte Ouers/voogde

Ons wil graag die volgende sake vir u deurgee:

1. UITSLAE

***1.1Tennis* - Dogters** - 5-7 Februarie: Eerste span vs Pearson en speel gelykop 5 elk, Tweede span vs Collegiate verloor 0/5, Derde span vs Westering verloor 0/5, Derde span vs Westering verloor 0/5. Vierde span vs Pearson verloor 1/4. Geluk aan Lise Crouse en Jean-Marie van Schalkwyk wat hul dubbels gewen het. Geluk ook aan Melanie Bosman en Adéle Botha wat goeie oorwinnings behaal het in die Eerste span. 12-14 Februarie: 1ste Span vs Framesby wen 6/3, 2de Span vs Alexander Road verloor 0/5 en die 4de Span vs Daniël Pienaar verloor 2/5. 19-21 Februarie: 1ste Span vs Brandwag verloor 2/9, 2de Span vs St Dominics wen 3/2, 3de Span vs Brandwag verloor 0/5 en 4de Span vs Imbewu verloor 0/5.

Seuns - 5-7 Februarie : Derde span vs Paul Sauer verloor 0/5. 12-14 Februarie: 1ste span vs Framesby wen 5/2 en die 2de span vs Andrew Rabie verloor 1/4. 19-21 Februarie: 1ste Span vs Grey verloor 2/5, 3de Span vs Morningside verloor 1/4.

1.2 Krieket Meisies- 5 Februarie*:* Tweede span vs St. Thomas. DF verloor met 7 paaltjies. Toshka Barnardo was die beste kolwer. 14 Februarie: 1ste Span speel teen Linkside gelykop. Spelers van die wedstryd was Maruschka van der Walt, Heidi Felix en Marizanne Kapp. Marizanne en Heidi was ook lede van die OP Senior vrouespan wat op 15 Februarie teen Ierland gespeel het. OP wen die wedstryd met 2 paaltjies. Marizanne het 31 lopies aangeteken en 2 paaltjies geneem. 21 Februarie: Die 1ste Span verloor teen Framesby met 10 paaltjies.

***Krieket Seuns* -** 9 Februarie : Eerste span vs Victoria Park. DF verloor met 6 paaltjies. Ryno van Zyl teken 47 lopies aan en Wessel Claassen was die beste bouler. 13 Februarie: 0/15 vs Pearson. Spelers van die wedstryd, Clinton Wolmarans, Christiaan Dempers, André Janse van Vuuren. DF wen met 8 paaltjies. 16 Februarie: 1ste Span vs Bethelsdorp. DF wen met 7 Paaltjies. Beste boulers was Coenie van den Heever en Wessel en Ryno wat elk 2 paaltjies geneem het. 23 Februarie: 1ste Span vs St Dominic's en wen met 3 paaltjies. Wessel Claassen was die mees ekonomiese bouler met 2 paaltjies vir 12 lopies in sy 9 boulbeurte waarvan 3 leë boulbeurte was. Ryno van Zyl was die beste bouler met 8 paaltjies vir 17 lopies in sy 9 boulbeurte waarvan 2 leë boulbeurte was. Beste kolwer was Anrich Nel met 7 lopies nie uit nie. 20 Februarie: o/15 vs Westering en wen met 70 lopies. Beste kolwers was JP Cronje wat 27 lopies aangeteken het en Deon Gilbert met 35 lopies. Clinton Wolmarans het 25 lopies nie uit nie aangeteken wat 3 viere en 'n ses ingesluit het. Jovan van Eck het 4 paaltjies geneem. DF benut altesaam 7 vangskote.

1.3 Redhouse Riviermyl - Op 17 Februarie 2007 het drie van DF se leerders dié myl geswem. Geluk aan Maryna Slabbert en Jeanné Scholtz wat beide medaljes ontvang toe hulle die 2.2km voltooi het. Maryna het 'n algehele 43ste plek behaal en Jeanné was 54ste. Altesaam meer as 700 dames het deelgeneem. In die mansresies het Roché Jongkind sy staal gewys. Dit was sy eerste deelname.

1.4 Gholf: 1ste Span verloor teen Nico Malan 1 en 2. Beste speler vir DF was Francois Smith met 23 punte.

1.5 ***Skaak:*** 23 Februarie: 'n Skaaktoernooi is te Brandwag gehou. Petrus Roets neem deel en wen 6 van sy 7 wedstryde.

1.6 ***Atletiek***: Aan die ***Sone byeenkoms*** op 15 & 16 Februarie by die Oval het 71 van ons atlete deelgeneem, 30 atlete is deur na die PE Hoërskole byeenkoms waar die volgende plekke behaal is: 9 eerste plekke, 10 tweede plekke, 10 derde plekke en 15 vierde plekke. Reginald Hufkie het puik presteer in die 10km stap toe hy die afstand in 56:10 afgelê het en die rekord met 2 minute verpletter het. Al die atlete wat bogenoemde plekke behaal het is toe deur na die NMM-skole byeenkoms op 1 Maart. Hier is die volgende prestasies behaal: JC Wagener (Spiesgooi seuns o/19 – 1ste), Elandré Gouws (Seuns o/17, Hoogspring– 2de, Verspring -3de, Driesprong – 1ste), Ruan Müller (seuns o/17 Driesprong – 3de), Benjamin Bellingan (seuns o/16 3000m – 4de), Reginald Hufkie (seuns o/16 10 km stap – 1ste), JP Cronje (seuns o/15 Diskus – 3de), Natasja Gerber (dogters o/19 400m – 2de), Melany Bain (dogters o/19 Hoogspring – 3de, Verspring - 4de, Spiesgooi – 6de), Adéle Botha (dogters o/19 Driesprong – 5de), Ané Ferreira (dogters o/19 800m – 2de), Lerina Gouws (dogters o/19 Diskus – 4de), Janita-Maria Trytsman (dogters o/19 Gewigstoot – 5de, Spiesgooi – 3de, Diskus – 5de), Aileen van Zyl (dogters o/19 Gewigstoot - 4de), Jacomien Hauman (dogters o/17 800m – 5de), Meake Brown (dogters o/16 1500m – 6de), Suzanne-Mari Stoltz (dogters o/16 Spiesgooi – 4de, Gewigstoot – 6de, Diskus – 5de), Vinette van der Merwe (dogters o/16 100m – 6de, 200m – 5de), Darné Claassen (dogters o/15 Verspring – 3de, 800m – 3de), Lutske Doubell (dogters o/15 200m – 1ste, 100m – 1ste, 90m Hekkies – 4de), Aleesha Gerber (dogters o/15 400m – 2de), Marolene Gouws (dogters o/15 1500m – 1ste, 800m – 2de), Chantré van Vuuren (dogters 0/15 Diskus – 5de), Annette Slabbert (dogters o/14 Diskus - 6de), Mari-Lu van Vuuren (dogters o/14 800m – 4de). Die Malherbiete wat deurdring na die Oos Kaap Kampioenskappe in Oos-Londen is Reginald Hufkie, Natasja Gerber, Ané Ferreira, JC Wagener, Lutske Doubell en Marolene Gouws.

1.7 ***OP Branderplankry***: Jessica Barnard is gekies as 'n verteenwoordiger vir die "EP Development Surfing Team" wat aan die Reef Wetsuits SA Grommet Games van die 19de tot die 23ste Maart gaan deelneem.

2. GELUKWENSINGE

Baie geluk aan die volgende Malherbiete en hul ouers:

2.1 Akademie

Die volgende leerders is vir hul harde werk beloon toe akademiese ere- en merietekleure by die prysuitdeling en 'n saalbyeenkoms aan hulle oorhandig is:

Meriete: Liesbet du Toit, Sharlize Gaybba, Ruan Koen, Gerhardus Röth, Joné Smith, Amari Annandale, Nicola Alberts, Leoni Davis, Carien Gerber, Marcelle Hattingh, Jacomien Hauman, Emma Kotze, Lindie Petzer, Wilmie Scholtz, Heinrich Basson, Diederick Dippenaar, Jamie Kriel, Karlien Matthee, Lindy Scott, Jessica van der Merwe.

Erekleure: Annika Theron, Annette Greyling, Genevéve Deyzel, Willem Naudé, Anria Kruger, Ané Ferreira, Amy Rheeder, Kristine Dutton.

2.2 ***Redenaarskursus -*** Ses van ons leerders het op Saterdag, 9 Februarie saam met mej. Bosch en mnr. Marais 'n Redenaarskursus bygewoon. Die kursus is deur die ATKV by Kaap Recife aangebied. Dié ses leerders mag nou ook as beoordelaars optree.

Sertifikate is oorhandig aan: Emma Kotze, Lindy Scott, Jacomien Hauman, Willem Naudé, Wilmie Scholtz en Jeanné Scholtz. Mej. Bosch en mnr. Marais het ook op Vrydag, 8 Februarie 'n Debatkursus bygewoon.

2.3 ***Bloedskenk -*** Op Vrydag, 8 Februarie, is die eerste bloedskenkkliniek gehou. Ons mikpunt was 85 eenhede. Die Malherbiete het 88 eenhede geskenk. 29 Nuwe skenkers het aangemeld. Baie dankie ook aan die portuurleiers vir hul harde werk en organisasie.

3. PRYSUITDELING

Dankie aan diegene van u wat ons prysuitdeling op 19 Februarie 2008 bygewoon het, en nogmaals geluk met u kinders se prestasies. Ek vind dit net jammer en vreemd dat so min ouers hierdie geleentheid, wat eintlik die hoogtepunt van ons akademiese jaar is, bywoon.

4. JAARVERSLAG

Daar is nog kopieë van ons jaarverslag by die skool beskikbaar. Dit is sekerlik belangrik dat u dit kry om te lees sodat u insae kan hê van wat by die skool gebeur en hoe u geld aangewend word.

Verder wil ons u aanmoedig en vra om dit as 'n bemarkingsinstrument te gebruik en dit onder u vriende en/of kollegas te versprei. Ons dink die dokument is uitstekend geskik daarvoor.

5. OOV

Baie geluk, dankie en sterkte aan die volgende persone wat tot die dagbestuur van die OOV verkies is:

VOORSITTER:	Me I le Grange
ONDER-VOORSITTER:	Me L Buys
SEKRETARESSE:	Me M Vermaak
TESOURIER:	Me A Claassen

6. WISKUNDE OLIMPIADE

Die volgende Wiskunde Olimpiade rondes vind plaas op :

1ste -	18 Maart
2de -	22 Mei
3de -	4de September

7. MUSIEKBLYSPEL: BREEK 'N BEEN

Baie dankie aan almal wat so hard werk aan die produksie, veral die ouers wat die kinders by die oefeninge besorg.

Die opvoerings vind plaas op die 13de en die 14de Mei in die Operahuis. Ons vertrou dat alle Malherbiete dit goed sal ondersteun. Dit is 'n oorspronklike Afrikaanse stuk, vir DF geskryf deur Danie Matthee.

Besprekings sal volgende kwartaal by mev. Keyser in die Biblioteek gemaak kan word.

8. GHOLFDAG: DF se jaarlikse Gholfdag vind Saterdag, 8 Maart plaas. Ouers en leerders wat wil inskryf moet dit asb. by die gholfklub (Shark River) self doen. Daar is nie meer baie plekke oop nie.

9. BEHEERLIGGAAM-TUSSENVERKIESING

Onthou asseblief die baie belangrike tussenverkiesing op Donderdag 6 Maart in die skoolsaal. U kry ook 'n brief in dié verband van ons Voorsitter, dr. Geyer.

Baie dankie vir u aandag

Vriendelike groete

P. HAUMAN
SKOOLHOOF